### HOOFSTUK 4: HONDEHERBERGE, KATTERYE, TROETELDIERSALONNE EN TROETELDIERWINKELS

17. Toestemming vir bedryf.

### HOOFSTUK 5: SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE

18. Diensleweringsooreenkomste.
19. Bevoegdhede van die Munisipaliteit in die geval van 'n versuim deur die Distrikmunisipaliteit.

### HOOFSTUK 6: ALGEMENE BEPALING

20. Reg van toegang en inspeksie
21. Plasing of diening van kennisgewings
22. Betekening van dokumente en proses
23. Oorgangsbepalings
24. Appèl
25. Oortredings en strawwe
26. Vrstellings
27. Vrywaring
28. Teenstrydigheid met ander wetgewing
29. Herroeping van verordeninge
30. Kort titel en inwerkingtreding

## 1. Woordoms krywing

In hierdie Verordening en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

**"agent"** met betrekking tot die eienaar van eiendom, beteken 'n persoon wat deur die eienaar aangestel is om:

(a) huur of ander betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te ontvang; of

(b) om betalings namens die eienaar ten opsigte van die eiendom te maak;

**"aanstootlike materiaal"** tuinvullis, afval, afvalmateriaal, gras, plantegroei, rommel, afvalyster, uitgediende masjinerie, verlate motorvoertuie, motorwrakke asook uitgediende onderdele daarvan, rommel van enige bouwerkzaamhede, of enige vullis wat op enige grond of perseel gestort word, met inbegrip van nuwe of gebruikte boumateriaal wat nie nodig is in verband met bona fide-boubedrywighede wat op enige gronde aan die gang is nie, en omvat dit enige vaste stof, vloeistof of gas wat aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, of wat wesenlik inbreuk maak of kan maak op die gewone gerief van 'n persoon of wat nadelig is vir die omgewing;

**"dier"** 'n lid van die perdefamilie, bees, skaap, bok, vark, pluimvee, kameel, hond, kat of ander huisdier of voël of 'n wilde dier of reptiel wat in gevangenskap verkeer of onder die beheer van iemand is, of insekte soos, maar nie beperk tot, bye wat deur 'n persoon aangehou of beheer word, ingesluit enige troeteldier;

**"dierebeskermingsvereniging"** 'n Geregistreerde dierebeskermingsvereniging soos die Dierebeskermingsvereniging (DBV) of die Karoodierebeskermingsvereniging (KDBV) die of enige ander soortgelyke geregistreerde vereniging;

**"distriksmunisipaliteit"** die Overberg Distriksmunisipaliteit gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie Verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

**"dronk"** 'n persoon wat weens die alkohol wat hy of sy ingeneem het beheer oor sy of haar geestes- of fisiese vermoëns, of beide, tot so 'n mate verloor het dat hy of sy nie in staat is om hom- of haarself te gedra nie, of nie in staat is om enige handeling waarmee hy of sy besig is op so 'n wyse te verrig dat dit nie 'n gevaar vir hom- of haarself inhou nie of met daardie agting vir die regte van ander soos deur die reg vereis word nie;

**"eienaar"**:

(a) met betrekking tot 'n dier, ook iemand wat in besit is van of belas is met die sorg, bewaring of beheer van sodanige dier;

(b) met betrekking tot eiendom, sluit in 'n okkupeerder, huurder, serwituuthouer, trustee, eksekuteur, kurator of aangewysde, agent of administrateur van sodanige eiendom;

**"gemagtigde beampte"** beteken 'n beampte, gemagtig ingevolge artikel 8 van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet 71 van 1962) en enige beampte van die munisipaliteit wat gemagtig is om die bepalings van hierdie Verordening af te dwing;

**"hondeherberg"**, enige inrigting waarvan die besigheid die teel, aanhou of afrigting van honde is insluitend skutte hetsy dit deur die Staat of andersins bedryf word;

**"kattery"**, enige inrigting waar katte geteel word of aangehou word;

**"munisipaliteit"** die Swellendam Munisipaliteit gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 488 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevollmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie Verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

**"munisipale bestuurder"** die persoon wie as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit aangestel ingevolge die bepalings van artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en sluit enige persoon in:

(a) wat in sodanige pos waarneem; en

(b) aan wie die munisipale bestuurder enige magte, funksie of pligte delegeer het in soverre dit die uitvoering van daardie magte, funksie of pligte aangaan;

**"openbare oorlas"** enige handeling, versuim of toestand op enige perseel of openbare plek met inbegrip van enige gebou, struktuur of gewas daarop wat aanstootlik of gevaarlik is, of wat weselik inmeng met die gewone gerief, vrede, of stilte van ander of wat die veiligheid van mense nadelig beïnvloed; en

**"oorlas"** het dieselfde betekenis;

openbare oorlas "beteken enige daad of versuim of toestand op enige perseel of openbare plek, met inbegrip van enige gebou, struktuur of groei daarop wat aanstootlik of gevaarlik is, of wat weselik inmeng met die gewone gerief, gerief, vrede of stilte van ander mense of wat die veiligheid van mense nadelig, en

**"openbare plek"** straat, sypaadjie, grond, plein, gebou, park, ontspanningsoord of oop terrein wat:

(a) by die munisipaliteit berus;

(b) die publiek die reg het om te gebruik, of

(c) getoon word op 'n algemene plan van 'n dorpsgebied in 'n aktekantoor van 'n landmeter-generaal en wat verskaf is vir of gereserveer is vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgebied;

**"perseel"**

(a) 'n stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, perseel as deel van 'n dorp, en sluit 'n perseel in wat deel uitmaak van 'n stuk grond wat as 'n dorp uitgelê is, maar nog nie geregistreer is nie of 'n gedeelte van sodanige erf en sluit residensiële persele in wat buite dorpsgebiede deur staatsdepartemente, semi-staatsinstellings of nywerhede voorsien word; of

(b) grond of 'n gedeelte grond, insluitende 'n openbare plek, hetsy of 'n gebou of struktuur op sodanige grond of gedeelte grond gebou of opgerig is; of

(c) 'n gebou, struktuur, tent of woonwa saam met die grond waarop dit staan en sluit in enige voertuig, rytuig, skip of boot.

**"pluimvee"**, enige hoender, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, makou, tarentaal, pou of voël hetsy dit makgemaak of wild is;

**"ras"** beteken 'n populasie van diere wat aanteel met 'n hoë graad van genetiese stabiliteit soos gedokumenteer deur identifiseerbare eenheid in rassestandaarde en prestasie;

**"teler"** beteken die eenaar van 'n vroulike teeldier ten tyde van natuurlike of kunsmatige bevrugting of by geboorte van die werpsel;

**"straat"** enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (hetsy 'n deurgang aldan nie) wat algemeen gebruik word deur die publiek of enige gedeelte daarvan of waartoe die publiek of 'n deel daarvan die reg van toegang het;

**"struktuur"**, beteken enige houer, stal, skuur, varkhok, kraal, voëlhok, kamp, pluimveehok, duiwehok of gebou of struktuur bedoel vir menslike skuiling, sakedoeleindes of die aanhou diere;

**"troeteldier"** enige mak dier wat normaalweg in 'n huishouding aangehou word vir kamaraadskap of vermaak;

**"troeteldiersalon"** beteken 'n onderneming waar troeteldiere versorg word;

**"troeteldierwinkel"** 'n onderneming waar troeteldiere aangehou word vir handelsdoeleindes;

**"verantwoordelike owerheid"** die Swellendam Munisipaliteit of enige nasionale of Provinsiale departement wat uit hoofde van sy funksies en bevoegdhede beperking of voorwaardes ten opsigte van die aanhou van diere mag oplê;

**"voël"** enige duif, pou, fisant, patrys, kanarie, budjie, papegaai, volstruis en enige ander mak of wilde voël wat in gevangenskap is of onder beheer van iemand is.

## **2. Toepassing**

(1) Die Verordening bind privaat persone en die staat.

(2) Die bepalings van artikel 4 is nie van toepassing op:

(a) 'n perseel of grond wat vir bona fide landboudoeleindes aangewend word nie; of

(b) 'n perseel of grond wat deur die munisipaliteit geïdentifiseer is waar die aanhou van diere of die bedryf van troeteldiersalonne, troeteldierwinkels of honde- en katteherberge toelaatbaar is en as sodanig aangedui word in 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema.

(3) 'n Persoon wie diere aanhou op persele soos bedoel in subartikel (2) word nie vrygestel van die bepalings van enige ander verordeninge van die munisipaliteit of wetgewing met betrekking tot die ontstaan of veroorsaking van 'n openbare oorlas nie.

## **HOOFSTUK 1**

### **3. OPENBARE OORLASTE**

#### **3.1. Algemene bepalings ten opsigte van openbare oorlaste**

3.1.1 Niemand mag 'n openbare oorlas veroorsaak nie.

3.1.2 Onderworpe aan die bepalings van die verordening insake paaie, verkeer en parkering word 'n openbare oorlas word veroorsaak deur, maar is nie beperk nie tot:

(a) die oornagparkering van meer as een swaar voertuig of boot op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is;

(b) die parkering van implemente of konstruksiemasjinerie of die stoor van konstruksie toerusting op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is, op so 'n wyse dat dit 'n oorlas veroorsaak;

(c) die herstel, was, onderhoud of diens van 'n swaar voertuig, boot of implement op 'n perseel wat vir residensiële doeleindes gesoneer is;

(d) die was of skoonmaak van enige voertuig vanuit 'n rivier of openbare stroom;

(e) die parkering van 'n voertuig, swaarvoertuig, boot, sleepwa of implement op 'n perseel op sodanige wyse dat dit, of dele daarvan, die grense van die perseel waarop dit geparkeer is, oorskry;

(f) die parkering van 'n voertuig, swaarvoertuig, boot, konstruksiemasjinerie of sleepwa op 'n openbare plek sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit

(g) die bedryf van 'n besigheid of die betrokkenheid by soortgelyke aktiwiteite op 'n residensiële perseel, niteenstaande enige goedkeuring deur die munisipaliteit verleen in terme van die verordening op grondgebruikbeheer, op so 'n wyse dat 'n oorlas vir aangrensende eienaars veroorsaak word deur:

- i. die toename in die aktiwiteit tot so 'n mate dat die beperkinge en voorwaardes soos neergelê deur die munisipaliteit by die oorspronklike goedkeuring daarvan oorskry word;
- ii. die berging van goedere of materiale op die perseel;
- iii. die berging van goedere of materiaal op 'n openbare plek sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit;
- iv. die bedryf van 'n pomp, kompressor, waaier of soortgelyke masjinerie op so 'n wyse dat vibrasie of geraas op aangrensende persele veroorsaak word;
- v. die gebruik van spuitverf of ander vlugtige stowwe op so 'n wyse dat sproei, reuke of gasse na ander persele versprei;
- vi. die vervaardiging, of aktiwiteite verwant aan vervaardiging van goedere of materiale;
- vii. die gereeldheid van aflewings of die aandoen van persone op die perseel;
- viii. die gereeldheid van oplaai- en aflaai vanaf voertuie in die straat of op die perseel;
- ix. die samedromming van werknemers op of naby die perseel;
- x. die gereeldheid van aankoms, vertrek of parkering van voertuie in die straat of op die perseel wat verband hou met die aktiwiteite op die perseel;

(h) deur toe te laat dat geboue of vakante grond of enige geboue of strukture daarop, of enige gedeeltes daarvan of enige omheinings op enige persele:

- i. verwaarloos word, onooglik raak of aanstootlik voorkom of vervalle raak tot so 'n mate dat die waardes van aangrensende eiendomme nadelig geraak word;
- ii. 'n tuiste vir plakkers of leeglêers word;
- iii. oorgroei raak met verwaarloosde gras, bome, struik of ander bewerkte of onbewerkte plantegroei;
- iv. onooglik word deur 'n versameling van papiere, kartonne, tuinafval, rommel en ander afvalmateriaal; of
- v. onooglik of aanstootlik vir die bure of die algemene publiek weens die wanordelike stoor of parkeering van voertuie of masjinerie wat nie gereeld gebruik word nie;
- vi. 'n stortingsterrein word vir afvalmateriaal;
- vii. versuim om die dakwaterverwyderingstelsel, pype, rirole, rioolleidings, watertoebehore, afvalwatertoebehore, toilettoebehore en alle ander toebehore wat deel van of aan enige gebou of struktuur verbode in 'n goeie toestand te hou of te herstel, of versuim om dit te onderhou of versuim om die mure van enige gebou of struktuur vry van klammigheid te hou;

(i) met betrekking tot besigheidspersele, toe te laat dat:

- i. afval wat op die perseel gegengereer word in 'n straatvullishouer gestort word;

- ii. afval wat op die perseel gegeneer word, gestort word op 'n gedeelte daarvan wat toeganklik is vanaf 'n straat of sypaadjie, tensy dit gestort word in 'n vullishouer wat deur die munisipaliteit goedgekeur is;
- iii. goedere vertoon of verkoop word op 'n gedeelte van die perseel, wat nie deel vorm van 'n straat of sypaadjie nie, maar wat toeganklik is vanaf 'n straat of sypaadjie;
- iv. 'n voertuig geparkeer word op so 'n wyse dat dit of 'n gedeelte daarvan op 'n straat of sypaadjie uitsteek;
- v. 'n metode van reklame of promosie die effek het dat dit 'n verwarring of gevaar veroorsaak vir verbygaande verkeer of voetgangers, 'n samedromming van mense in die omgewing van die perseel veroorsaak, of dat voetgangers verhinder word om die sypaadjie voor die perseel te gebruik;
- vi. winkelrollies verbonde aan die besigheid in 'n straat of parkeerarea versamel tot so 'n mate dat voertuig- of voetgangerverkeer daardeur benadeel of in gevaar gestel word;
- vii. 'n kompressor, waaier of ander masjinerie bedryf word op 'n wyse wat vibrasie of geraas veroorsaak word op aangrensende persele;
- viii. 'n toename in die frekwensie van aflewings of aandoeners by die perseel tot so 'n mate dat die okkupeerders van aangrensende persele se normale toegang tot hulle eie persele belemmer word;
- ix. voertuie verbonde aan 'n besigheid voor aangrensende persele geparkeer word op so 'n wyse dat okkupeerders verhoed word om met hulle normale aktiwiteite aan te gaan;
- x. enige stoep, veranda, steeg of aangrensende onbeboude grond gebruik word vir die berging, opstapeling, storting, wegdoen, vertoon of hou van goedere of voorraad;
- xi. enige winkel of besigheidperseel of onbeboude grond aangrensend aan sodanige winkel of besigheidperseel of enige gedeelte daarvan, wat vir die publiek oop of sigbaar is, aangewend word vir 'n stoor of om afvalmateriaal, kartonne, kratte, houers of ander soortgelyke artikels daar op te gaar, te berg of te stoor.

(j) met betrekking tot algemene gedrag in of op strate, parkeerplekke en openbare plekke:

- i. te eniger tyd gedurende die dag of nag die openbare orde te versteur deur die gebruik van enige beledigende of dreigende taal of deur geluide te maak of deur te skreeu, aanhoudend te toet, te twis of rusie te maak, of deur onwettig 'n skare byeen te bring, of deur onwettig 'n betoging te reël, of deur 'n bakleiery of 'n uitdaging tot 'n bakleiery, of deur met 'n stok of ander wapen te slaan of dit te swaai of op 'n dreigende wyse te gebruik, of deur enige ander oproerige, geweldadige of onbetaamlike gedrag, of deur onwettig te vergader of saam te drom, of deur sleepwedrenne te hou, of enige daad te pleeg wat beskou of gesien kan word as 'n daad om die openbare orde te skend;

- ii. ware of dienste te adverteer deur middel van 'n megafoon, luidspreker of dergelike toestel of deur aanhoudend te skreeu, of op 'n ghong te slaan, toeters te druk of klokke te lui;
- iii. in enige straat of openbare plek enige beledigende of dreigende taal gebruik of enige handeling pleeg wat die openbare vrede skend of geag te word om dit te skend;
- iv. enige voertuig of deel daarvan in enige straat of openbare plek skoonmaak of was nie;
- v. die afvuur van enige vuurwapen, lugpistool of luggeweer;
- vi. 'n voertuig tot stilstand te bring of te bestuur op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
- vii. fietse of soortgelyke toestelle in groepe te ry op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
- viii. trollies of soortgelyke toestelle te stoot of te parkeer op 'n wyse wat voetganger of voertuigverkeer belemmer;
- ix. in groepe te loop of te staan op 'n wyse wat voetganger- of voertuigverkeer belemmer;
- x. dienste of goedere vir verkoop aanbied in kruisings of langs 'n pad op 'n wyse waarop voetganger- of voertuigverkeer belemmer word of die aandag van voertuigbestuurders afgetrek word;
- xi. om dienste of goedere of artikels vir verkoop aanbied aan die kant van die pad op so 'n wyse dat voertuig- of voetgangersverkeer belemmer word of die aandag van bestuurders van voertuie afgelei word;
- xii. 'n rytuig wat deur diere getrek word, op sodanige tye in strate, waar 'n swaar verkeersvloei ervaar word;
- xiii. Om dronk of onder die invloed van dwelms te wees of om enige bedwelmende middel, alkohol of dwelms in of op 'n openbare plek behalwe waar dit toegelaat word ingevolge 'n openbare kennisgewing wat as sodanig vertoon word, te gebruik;
- xiv. die vertoning van enigiets wat visueel aanstootlik is;
- xv. die bedryf van enige toestel wat radio- en televisieontvangs versteur;
- xvi. te drentel in enige straat of openbare plek;
- xvii. die uitlokking of oorreding van enige persoon vir die doeleindes van prostitusie of 'n ander immorele daad;
- xviii. om aan te hou om te bedel van 'n persoon of om 'n persoon te agtervolg nadat sodanige persoon negatief gereageer het op die bedelary

(k) enige vrugte- of groenteskille, gebreekte bottels, glas, vullis, bourommel, tuinvullis of afval wat aanstootlik is of waarskynlik ergernis, gevaar of besering sal veroorsaak aan 'n persoon in of op enige perseel, straat of openbare plek stort, ophoop, uitgooi, neergooi of plaas, of toelaat dat dit gestort, uitgegooi neergegooi of geplaas word;

(l) 'n persoon wat homself of haarself of enige dier of item of klerasie was of bad in 'n openbare stroom, poel, watertrog, standkraan, fontein of op enige plek wat nie deur die munisipaliteit vir sodanige doel aangewys is nie.

### 3.2 Gedrag en optrede

Ondanks die bepalings van enige ander verordening mag niemand—

- a) aanstootlike materiaal stort, opgaar of plaas of toelaat dat dit gestort, opgehoop of geberg word in of op enige perseel, of openbare pad of dreineer-, watersloot, of riool, of deurgang, of openbare plek behalwe op die plek of plekke soos deur die munisipaliteit van tyd tot tyd opsy gesit of goedgekeur vir sodanige doeleindes nie, met dien verstande dat die munisipaliteit openbare garages, werksinkels en ander bedrywe kan toelaat om, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat opgelê kan word, in elke individuele geval, motoronderdele of 'n apparaat te stoor, te berg uitmekaar te haal of aanmekaar te sit op persele goedgekeur deur die munisipaliteit.
- b) enige handel, besigheid of beroep uitoefen op enige perseel in die munisipale gebied wat na die mening van die munisipaliteit 'n bron van ongerief of ergernis vir die buurt is of kan word nie;
- c) toelaat dat enige perseel toegroei met bosse, onkruid of gras of ander plantegroei, behalwe gekweekte bome, struik en gras tot so mate dat dit na die mening van die munisipaliteit as skuilplek gebruik kan word deur rondlopers, wilde diere of ongediertes of dat dit die openbare gesondheid of die veiligheid van enige lid van die gemeenskap bedreig of dat dit kan lei tot die verspreiding van brande of dat dit veroorsaak dat die perseel onooglik of aanstootlik of nadelig is vir die waarde van aangrensende eiendom nie;
- d) toelaat dat enige perseel vuil, verwaarloos of besmet is met knaagdier, slange, muskiete, vlieë, bosluise, of ander insekte wat skadelik kan wees vir die gesondheid nie, of enige aanstootlike reuke of gasse afkomstig van sodanige perseel toelaat nie;
- e) op sy perseel 'n dier of voël hou wat 'n steurnis of 'n oorlas vir die bure is deur gereelde en oormatige geraas nie;
- f) enige openbare gerief of enige gerief voorsien in 'n openbare gebou of plek van openbare vermaak bemors, misbruik of beskadig nie;
- g) enige aanstootlike materiaal of item, vloeistof of vaste stof, wat aanstootlik is of mag wees of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, dra of vervoer of veroorsaak of toelaat dat dit gedra of vervoer word oor, of in enige straat of openbare plek, tensy sodanige aanstootlike materiaal of item bedek is met 'n geskikte materiaal om die skep van 'n ergernis te voorkom nie;
- h) enige lyk begrawe of wegdoen op enige ongemagtigde plek nie;
- i) toelaat dat die karkas van 'n dier, wat sy eiendom of waarvan wat hy in beheer is, en wat gesterf het op sy perseel of elders in die munisipale gebied, onbegrawe laat bly nie;

- j) veroorsaak of toelaat dat enige vuil of besoedelde water of enige vuil vloeistof of ongewenste materiaal vanaf enige perseel waarvan hy die eienaar is of wat hy okkupeer of deur hom bewoon word of wat hy gebruik vir handel, besigheid, vervaardiging, bewoning of enige ander doel, wegvloei in 'n straat of op of oor enige grond nie.

### **3.3 Onwettige bewoning**

- 3.3.1 Niemand mag, sonder die toestemming van die munisipaliteit, 'n karavaan, tent of ander soortgelyke skuiling van enige beskrywing beset, bewoon of toelaat dat dit gebruik word vir menslike bewoning nie behalwe op 'n gemagtigde kampeer- of woonwaterrein beheer deur die munisipaliteit of enige ander kampeer- of woonwaperseel wat voldoen aan die bepalings van die verordeninge met betrekking tot sodanige woonwaparke of kampeerplekke.
- 3.3.2 Die munisipaliteit mag 'n kennisgewing beteken aan enige persoon wat 'n karavaan, tent of skuiling in stryd met subartikel 3.3.1 beset om sodanige woonwa, tent of skuiling te ontruim binne 3 dae na die betekening van sodanige kennisgewing, by gebreke waarvan sodanige persoon skuldig is aan 'n misdryf.

### **3.4 Oortreding en versuim om te voldoen**

Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie afdeling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, of versuim om aan 'n kennisgewing wat regtens daaronder uitgereik is te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

## **HOOFSTUK 2**

### **ALGEMENE BEPALINGS INSAKE DIE AANHOU VAN DIERE**

#### **4. Toestemming om diere aan te hou**

- 4.1 Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit enige diere, met uitsondering van troeteldiere, op enige perseel of eiendom aanhou of toelaat dat dit daarop aangehou word nie.
- 4.2 Niemand mag 'n dier hou as die perseel waar so 'n dier aangehou word, nie behoorlik en voldoende omhein word om so 'n dier binne te hou nie.
- 4.3 Enige persoon wat aansoek doen om 'n permit om 'n wilde dier aan te hou moet, wanneer so 'n aansoek ingevolge subartikel 4.1 ingedien word, die munisipaliteit voorsien van 'n aanhoudings-permit wat deur die Departement van Ekonomiese Sake, Omgewing en Toerisme uitgereik is.
- 4.4 Bye mag slegs aangehou word op persele wat vir landboudoeleindes gesoneer is.
- 4.5 Die munisipaliteit mag die tipe, getal en geslag van diere wat aangehou mag word, bepaal asook die gebiede waarbinne die aanhou van sodanige diere verbied word.

- 4.6 Ten einde 'n aansoek ingevolge subartikel 4.1 te oorweeg moet die munisipaliteit ook die insette en kommentaar van die eienaars of bewoners van omliggende residensiële persele bekom en in indein 'n advertensie in die plaaslike koerante geplaas is, die koste van so 'n advertensie van die aansoeker verhaal.
- 4.7 Niemand mag 'n groter getal diere of diere van 'n ander soort aanhou, as die wat die munisipaliteit bepaal het ingevolge subartikel 4.1 nie.
- 4.8 Die aanhou van eende, poue, hane, kalkoene en ganse word verbied in 'n residensiële area.
- 4.9 Geen pluimvee mag aangehou word wat 'n oorlas veroorsaak deur te kraai of te kekkel nie.
- 4.10 Enige persoon wat enige bepaling van artikel 4 oortree of versuim om aan enige bepaling of vasstelling in terme daarvan te voldoen, pleeg 'n misdryf.

### **5. Planne vir strukture en bestuur**

Die munisipaliteit mag van persone wat aansoek doen om diere aan te hou, vereis om 'n aansoekvorm en gedetailleerde planne in te dien, wat aan die munisipaliteit se spesifikasies moet voldoen, sowel as om 'n advertensie in die plaaslike koerante te plaas, om openbare komnentaar uit te nooi.

### **6. Oorweging van aansoek en oplê van voorwaardes**

- 6.1 Die munisipaliteit kan, na oorweging van die volgende, 'n aansoek weier of goedkeur:
- (a) insette of kommentaar verkry ingevolge artikel 4.5;
  - (b) die ligging, geografiese kenmerke of grootte van die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gerig word;
  - (c) die dokumente en uiteensettings ingevolge artikel 5 ingedien; of
  - (d) enige ander inligting wat op die aansoek betrekking het, insluitend maar nie beperk nie tot weiding, omheining en beskikbaarheid van water.
- 6.2 Indien 'n aansoek geweier word, moet die munisipaliteit die redes vir sodanige weiering aan die applikant verstrek en hom/haar terselfdertyd in kennis stel van die reg van appèl ingevolge artikel 24.
- 6.3 By die goedkeuring van 'n aansoek mag die munisipaliteit voorwaardes oplê.

### **7. Sigbaarheid van strukture op persele**

- 7.1 Alle strukture waarin diere aangehou word moet toepaslik afgeskerm word van enige straat.
- 7.2 Enige persoon wat die bepalings van subartikel 7.1 oortree pleeg 'n misdryf.

## 8. Kwytskelding van vereistes en intrekking van magtigings

Nieteenstaande bogemelde bepalings mag die munisipaliteit, na oorweging van voorwaardes ten opsigte van die eiendom en op voorwaarde dat geen beswaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele ontvang is nie, enige of alle vereistes van Hoofstuk 2 van die Verordening intrek en ander voorwaardes instel, indien toepaslik, en kan hy enige magtiging ingevolge hierdie Verordening uitgereik, intrek indien daar nie voldoen word aan enige voorwaardes daarin neergelê nie.

## 9. Geldigheid van magtigings

Alle magtigings om diere aan te hou wat uitgereik is ingevolge enige verordening of regulasie wat herroep word, sal geag word as sou dit ingevolge hierdie Verordening uitgereik wees.

## 10. Pligte van die bewaarder van diere

10.1 Die eienaar van 'n dier of die persoon in beheer daarvan:

- (a) mag nie veroorsaak of toelaat dat 'n dier die gewone gerief, gemak, rus en vrede van ander mense versteur nie;
- (b) Moet 'n kennisgewing vertoon wat op 'n opvallende plek vertoon word, om aan te dui dat 'n dier gehou word;
- (c) moet sodanige dier van slaapplek, skuiling, water en behoorlike kos voorsien;
- (d) moet voldoen aan enige ander wetlike vereistes ten opsigte van die aanhou van diere soos die voorkoming, beheer en uitroeiing van aansteeklike siektes, die voorkoming van die verspreiding van sodanige siekte en verwante aangeleenthede en moet skriftelike sertifikasie deur Veeartse as bewys van inentings, immuniserings, sterilisasies en dergelike toestande op rekord hou;
- (e) moet ten alle tye die perseel waarop 'n dier aangehou word en alle gepaardgaande toebehore in goeie en netjiese toestand hou om te voorkom dat 'n openbare oorlas ontstaan;
- (f) moet beheer oor sy of haar diere uitoefen ten einde skade aan eiendom of tuine te verhoed; en
- (g) mag nie enige dier op enige gedeelte van 'n openbare pad laat of toelaat dat dit op 'n openbare pad is nie en mag 'n dier ook nie op enige plek laat van waar dit op enige deel van 'n openbare pad mag afdwaal nie, tensy dit onder behoorlike toesig en beheer is nie;
- (h) mag nie enige dier toelaat om openbare of privaatgrond te betree, wat nie die grond is waarop dit aangehou word nie, tensy dit onder behoorlike beheer is, en in die geval van 'n hond, aan 'n leiband is nie;
- (i) mag nie 'n dier, wat wreed, kwaad of gevaarlik is, toelaat om op enige openbare plek te wees, tensy dit aan 'n leiband en onder beheer van 'n verantwoordelike persoon gemuilband gehou word nie;

- (j) mag nie 'n hond toelaat om enige persoon of dier aan te val, te pla of skrik te maak nie, tensy dit uit selfverdediging is nie;
- (k) mag nie 'n dier toelaat om 'n bron van gevaar te wees of 'n besering te veroorsaak vir 'n persoon buite die perseel waarop sodanige dier aangehou word nie;
- (l) mag nie 'n dier toelaat om 'n bron van gevaar te wees vir werknemers van die munisipaliteit wat sodanige perseel betree vir die uitvoering van hul pligte nie;
- (m) mag nie 'n hond toelaat om wesenlik in te meng met die gerief, vrede of stilte van bure of persone buite die perseel waar dit aangehou word, deur aanhoudend te blaf, -kerm, -huil, -tjank of enige voertuie, diere, pluimvee of duiwe te jaag of deur hom op enige ander onaanvaarbare wyse te gedra nie;
- (n) in geval van 'n hond in 'n straat of op openbare grond, moet die ontlasting van sodanige hond verwyder;
- 10.2 Waar enige van die bepalings van subartikel 10.1 oortree word, mag die munisipaliteit enige dier verwyder en 'n kennisgewing beteken aan die eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder om te voldoen aan die bepalings van subartikel 10.1 binne die gestipuleerde tydperk;
- 10.3 Waar enige van die bepalings van hierdie Verordening of wetgewing met betrekking tot die beskerming van diere oortree word, mag die munisipaliteit enige beampte van enige dierebeskermingsvereniging in kennis stel vir optrede in terme van die Dierebeskermingswet, 71 van 1962;
- 10.4 Wanneer die eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder die munisipaliteit in kennis stel dat daar voldoen is aan 'n kennisgewing uitgereik in terme van subartikel 10.2, kan die munisipaliteit sodanige dier terugbesorg en die koste aangegaan deur die munisipaliteit van sodanige eienaar, okkupeerder of beweerde oortreder verhaal;
- 10.5 In die geval van nie-nakoming van die kennisgewing beteken in terme van subartikel 10.2, en sonder benadeling van die munisipaliteit se reg om vervolging in te stel, sal enige dier wat ingevolge subartikel 10.2 verwyder is as geskut geag word en sal die munisipaliteit se Skutverordening van toepassing wees;
- 10.6 Enige persoon wat die bepalings van subartikel 10.1 oortree, of versuim om daaraan te voldoen, pleeg 'n misdryf.

## **11. Diere wat op 'n onbevredigende wyse aangehou word en diere wreedheid**

- 11.1 Wanneer ook al diere wat op enige perseel aangehou word 'n openbare oorlas is, kan die munisipaliteit by wyse van 'n skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel gelas om die oorsaak van sodanige oorlas te verwyder.

- 11.2 Die munisipaliteit mag die stappe voorskryf wat geneem moet word of die werk wat gedoen moet word om die oorsaak van die oorlas te verwyder of an enige oorlas te verminder.
- 11.3 Enige aktiwiteite wat deur die eienaar in terme van subartikel 11.1 onderneem word is vir die eienaar se rekening.
- 11.4 Indien 'n eienaar versuim om die stappe in terme van subartikel 11.1 te neem, kan die munisipaliteit die nodige stappe neem en die koste van die eienaar verhaal.
- 11.5 Enige persoon wat versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing in terme van subartikel 11.1 is skuldig aan 'n misdryf.
- 11.6 Enige persoon wat:
- 11.6.1 enige dier in sy besit het of aankoop, invoer, verkoop, oplei, teel, of onder sy beheer hou, met die doel om teen enige ander dier te veg;
- 11.6.2 enige dier lok of aanhits om enige ander dier aan te val of om voort te gaan met teen enige ander dier te veg;
- 11.6.3 vir die verkryging van geld of vir vermaak dieregevegte aanmoedig of bevorder;
- 11.6.4 enige van die dade bedoel in subartikels 11.1 tot 1.1.3 toelaat op enige perseel of plek onder sy beheer of waarvan hy besit het;
- 11.6.5 enige perseel of plek gedeeltelik of ten volle besit, gebruik of beheer vir die doeleindes van dieregevegte, of toelaat dat dieregevegte op sodanige perseel of plek aangebied word, of wat in die bestuur van sodanige perseel of plek optree of bystand verleen, of wat enige vergoeding ontvang vir die toelating van enige persoon tot sodanige perseel of plek; of
- 11.6.6 teenwoordig is as toeskouer by enige perseel of plek waar enige van die dade waarna in subartikel 11.1 tot 11.6 verwys word, plaasvind of waar voorbereiding vir sulke dade gemaak word;
- 11.6.7 is skuldig is aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van R20,000-00 (twintigduisend rand) of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.
- 11.6.8 In enige vervolging word aanvaar dat, tensy die teendeel bewys word, 'n dier wat op enige perseel of plek gevind word, die eiendom is van of onder beheer is van die eienaar van daardie perseel of daardie plek of die persoon wat die perseel of plek gebruik of in beheer daarvan is.

## **12. Beslaglegging, skut, aanhouding afmaak en sterilisasie van diere**

12.1 Die munisipaliteit mag die beslaglegging, skut, aanhouding, afmaak of vernietiging van 'n dier gelas wanneer dit:

- (a) gevaarlik of boosaardig is;

- (b) sodanig beseer of siek is dat dit menslik sou wees om dit te doen;
- (c) op enige openbare pad of openbare plek in stryd met die bepalings van hierdie Verordening gevind word.
- 12.2 Sodanige beslaglegging, skut, aanhouding of vernietiging, ingevolge hierdie Verordening, moet saamgelees word met die bepalings van die munisipale verordening insake die skut van diere en kan beslaglegging, skut, aanhouding of vernietiging deur die munisipaliteit of 'n dierebeskermingsorganisasie beteken, of 'n veearts soos voorsien in hierdie Verordening.
- 12.3 Wanneer 'n dier ingevolge subartikel 12.1 afgemaak word moet dit gedoen word deur 'n geregistreerde veearts of waar so 'n veearts nie beskikbaar is nie, deur 'n gemagtigde opgeleide beampte wat sodanige afmaking op 'n humanitêre wyse moet doen.
- 12.4 'n Dier wat ingevolge subartikel 12.1 geskut is, kan aan die eienaar van so 'n dier vrygestel word teen betaling van 'n fooi wat deur die munisipaliteit of die betrokke dierebeskermingsorganisasie of die veearts bepaal word, na gelang van die geval, bo en behalwe enige koste, boetes of belastinge, wat uitstaande mag wees ten opsigte van so 'n dier.
- 12.5 Alle hondetewe en katwyfies moet gesteriliseer word vir die volgende doeleindes, tensy die teef of wyfie en haar nageslag geregistreer is:
- (a) vir die welsyn van die hond of kat;
- (b) om 'n oorlas te voorkom;
- (c) om te voorkom dat diere rondloop en om rondloperdiere te beperk.
- 12.6 Die eienaar van 'n gesteriliseerde hond of kat moet bewys van sodanige sterilisasie van 'n geregistreerde veearts verkry en dit vir inspeksie op versoek van 'n gemagtigde beampte toon;
- 12.7 Registrasie ingevolge artikel 12.5 beteken om by, maar nie beperk nie tot, 'n toepaslike registrasieliggam geregistreer te wees, onder andere, die Suid-Afrikaanse Kennelunie, die Nasionale Federasie van Jack Russell Terriers van Suid-Afrika, die Nasionale Federasie van Bokserklubs van Suid-Afrika, of die Duitse Herderhond Federasie van Suid-Afrika.
- 12.8 Enige persoon wat versuim om aan enige bepalings van artikel 12.1; 12.5 en 12.6 te voldoen of aan enige lasgewing, bevel of kennisgewing in terme daarvan, pleeg 'n misdryf.

### **13. Smous met diere**

- 13.1 Geen persoon mag met 'n dier smous in 'n straat of openbare plek of vanaf 'n mobiele struktuur of 'n voertuig nie.
- 13.2 'n Persoon wat subartikel 13.1 oortree is skuldig aan 'n misdryf.

**HOOFSTUK 3:****BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN TROETELDIERE, HONDE EN KATTE****14. Getal honde en katte**

- 14.1 Niemand mag, behoudens die bepalings van subartikel 14.3 meer as twee honde of meer as twee katte aanhou, of toelaat dat meer as twee honde of meer as twee katte, oor die ouderdom van ses maande, aangehou word of enige perseel nie;
- 14.2 Subartikel 14.1 is nie van toepassing op enige persoon wat:
- a) skriftelike toestemming van die munisipaliteit het, ingevolge subartikel 14.3, om 'n groter aantal honde of katte aan te hou nie;
  - b) hondeherberge of 'n kattery bedryf nie;
  - c) die eienaar of bestuurder is of in beheer is van 'n troeteldierwinkel en wie skriftelike bewys het dat al die honde of katte onder beheer van so 'n eienaar of bestuurder ingeënt is teen hondsdolheid, hondesiektes, hokhoes, katgriep, hepatitis of ander aansteeklike honde- of kattsiektes.
  - d) die eienaar is of in beheer is van 'n perseel waar gidshonde aangehou of opgelei word; en sodanige honde word onder die vaandel van die Gidshondevereniging van SA gehou of opgelei;
  - e) die eienaar of bestuurder is van 'n veeartsenykliniek; of
  - f) wat 'n skut bedryf.
- 14.3 Toestemming om meer honde of katte aan te hou as die voorgeskrewe aantal.
- a) Persoon wat 'n groter aantal honde of katte op perseel wil hou as die getal wat ingevolge subartikel 14.1 toegelaat word, moet by die munisipaliteit aansoek doen vir goedkeuring;
  - b) 'n Aansoek ingevolge subartikel 14.3 (a) moet skriftelik wees en moet vergesel wees van 'n voorgeskrewe fooi en moet 'n uiteensetting bevat van die ras, geslag en aantal honde en of katte waarvoor aansoek gedoen word.
  - c) Die munisipaliteit mag van die aansoeker vereis om enige inligting te verskaf wat hy van belang ag om hom in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem.
- 14.4 'n Persoon wat die bepaling van subartikel 14.1 oortree of versuim om te voldoen, pleeg 'n misdryf.

**15. Telers van troeteldiere, honde en katte**

- 15.1 'n Persoon wat met troeteldiere, honde of katte wil teel moet die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit verkry.

- 15.2 Die bepalings van artikel 5 is, met die nodige aanpassings, van toepassing op 'n aansoek in terme van subartikel 15.1.
- 15.3 'n Teler van honde en katte, wat meer as twee honde of katte wil aanhou, moet die skriftelike toestemming van die munisipaliteit verkry in terme van artikel 14.3.
- 15.3 'n Persoon wat enige van die bepalings van artikel 15 oortree of versuim om te voldoen, begaan 'n misdryf.

#### **16. Voorwaardes, beperkings en onttrekking**

- 16.1 Die munisipaliteit se toestemming ingevolge enige bepaling in hierdie Verordening is onderworpe aan enige voorwaardes wat die munisipaliteit in oorleg met 'n ander verantwoordelike owerheid goedvind om op te lê.
- 16.2 Waar 'n persoon 'n voorwaarde of beperking ingevolge subartikel 16.1 oortree of versuim om te voldoen, kan die munisipaliteit, nadat hy daardie persoon aangehoor het, sy toestemming terugtrek en die verwydering van diere uit die perseel vir versorging en bewaring deur 'n dierewelsynsorganisasie of skut beveel.
- 16.3 Enige koste wat deur die munisipaliteit aangegaan word vir die verwydering en veilige bewaring van diere ingevolge subartikel 16.2, sal verhaal word van die eienaar of bewaarder van sodanige diere.

### **HOOFSTUK 4**

#### **HONDEHERBERGE, KATTERYE, TROETELDIERSALONNE EN TROETELDIERWINKELS**

##### **17. Toestemming om te bedryf**

- 17.1 Geen hondeherberg, kattery, troetedierson of troeteldierwinkel mag bedryf word sonder die toestemming van die munisipaliteit nie, welke goedkeuring aan voorwaardes onderworpe mag wees.
- 17.2 'n Persoon wat 'n hondeherberg, kattery, troetedierson of troeteldierwinkel bedryf mag nie toelaat dat die besigheid op so 'n wyse bedryf word dat dit 'n openbare oorlas of ongerief vir ander mense is of in stryd met enige bepaling van die Wet op Dierebeskerming, 1962 (Wet 71 van 1962) is nie, of versuim om daaraan te voldoen nie.
- 17.3 'n Persoon wat enige bepaling van artikel 17 oortree is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK 5

### SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE

#### 18. Diensleweringsooreenkomste

Ten einde optimale dienslewering ingevolge hierdie Verordening te verseker, kan die munisipaliteit ooreenkomste aangaan met die distriksmunisipaliteit met wie wetgewende en uitvoerende gesag gedeel word.

#### 19. Bevoegdhede van die Munisipaliteit in die geval van 'n versuim deur die Distriksmunisipaliteit

Indien die dienslewering, waarna in artikel 18 verwys word, belemmer word deur die weiering of versuim van die distriksmunisipaliteit om enige van die reëlings wat in 'n ooreenkoms voorsien is uit voer, mag die munisipaliteit, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet rakende samewerkende regering soos bepaal in artikel 41 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, voortgaan en effek gee aan dusdanige reëling en enige uitgawes wat in verband daarmee aangegaan word van die distriksmunisipaliteit verhaal.

## HOOFSTUK 6

### ALGEMENE BEPALINGS

#### 20. Reg van toegang en inspeksie

- 20.1 Enige behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit is gemagtig om enige perseel binne die munisipale gebied te inspekteer ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van die Verordening voldoen word; onderhewig daaraan dat 'n privaat woning nie betree mag word vir roetine-inspeksiedoeleindes sonder die toestemming van die eienaar of okkupeerder nie;
- 20.2 Wanneer 'n perseel ingevolge subartikel 20.1 binnegegaan word, moet die sodanige werknemer op versoek van enige persoon, hom/haarself identifiseer deur 'n geskrewe bewys van magtiging te toon.
- 20.3 Die gemagtigde werknemer mag vergesel word van 'n persoon van wie dit redelikerwys verwag word om te help in die uitvoer van die inspeksie.
- 20.4 Enige iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit indien hy toegang tot grond of 'n perseel versoek, of wat hom dwarsboom of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie Verordening, of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat wettiglik van hom vereis kan word of vals of misleidende inligting aan sodanige behoorlik gemagtigde werknemer van die munisipaliteit verstrek, welwetende dat dit vals of misleidend is, is skuldig aan 'n misdryf.

## **21. Dien en/of publikasie van kennisgewings**

- 21.1 Die munisipaliteit mag kennis gee van sy voorneme om 'n aansoek ingevolge enige afdeling van hierdie Verordening te oorweeg deur in die plaaslike koerante te publiseer of om gedien te word op enige persoon wie se regte of verwagtinge wesenlik en nadelig geraak kan word deur die aansoek.
- 21.2 Die koste van enige kennisgewings ingevolge subartikel 21.1 kan verhaal word van die aansoeker.

## **22. Bediening van dokumente en geregtelike proses**

- 22.1 Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument gemagtig is of nodig is om bedien te word op 'n persoon ingevolge hierdie Verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees:
- a) wanneer dit persoonlik aan hom afgelewer is;
  - b) wanneer dit by sy plek van inwoning of besigheid in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
  - c) wanneer dit per e-pos aan sy laaste bekende e-pos adres versend is;
  - d) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan sy laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek en 'n erkenning van die versending verskaf word;
  - e) indien sy adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit aan sy agent of verteenwoordiger in die Republiek bedien is op so 'n manier soos bepaal deur paragraaf (a), (b) of (c), of
  - f) indien sy adres en agent in die Republiek onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom, indien enige, waarop dit betrekking het.
- 22.2 Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument bedien moet word aan 'n persoon sal dit nie nodig wees om hom by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as hy daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.

## **23. Oorgangsbepalings**

- 23.1 'n Persoon wat tydens die inwerkingtrede van hierdie Verordening meer diere aanhou as die getal soos voorgeskryf in enige bepaling van die Verordening mag nie diere vervang wanneer een of meer daarvan te sterwe kom of weggemaak word nie en moet die aantal diere wat gehou word, geleidelik verminder.
- 23.2 Behoudens die bepalinge van subartikel 23.1 is die bepalinge van die Verordening, ten opsigte van die aanhou van diere, nie van toepassing op bestaande persele waar diere aangehou word

nie: Met dien verstande dat die gemagtigde beampte, indien hy oortuig is dat die toepassing van een of meer van die genoemde vereistes, noodsaaklik is, om 'n bewese klagte ten opsigte van 'n oorlas te besweer, skriftelik kan kennis gee aan die eienaar of persoon in beheer van sodanige perseel waarop die oorlas voorkom en die eienaar versoek om te voldoen aan die vereistes wat hy mag spesifiseer en binne 'n redelike tydperk wat in die kennisgewing vermeld word.

- 23.3 Behoudens die bepalings van subartikels 23.1 en 23.2 moet enige persoon wat diere aanhou, binne twaalf (12) maande vanaf die datum van afkondiging van hierdie Verordening, voldoen aan die bepalings daarin vervat.

#### **24. Appèl**

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die Munisipaliteit gedelegeer is, mag ingevolge Artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) teen daardie besluit appèl aanteken deur binne 21 dae van die kennisgewing van die besluit skriftelike kennis van die appèl en die redes daarvoor aan die munisipale bestuurder te gee.

#### **25. Oortredings en strawwe**

- 25.1 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie Verordening, pleeg 'n misdryf en kan by skuldigbevinding—

- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of sodanige boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
- (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of 'n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en
- (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat die hof bevind deur die munisipaliteit aangegaan is weens sodanige oortreding of versuim.

- 25.2 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy—

- (a) 'n werknemer of kontrakteur van die munisipaliteit in die uitvoering van enige magte of die verrigting van enige funksie of plig ingevolge hierdie Verordening dreig, teenstaan, hinder, belemmer of hom of haar andersins pla of vuil taal of skeltaal teenoor hom of haar gebruik; of
- (b) hom of haar as 'n werknemer of kontrakteur van die munisipaliteit voordoen.

## 26. Vrystellings

Nieteenstaande die bepalings van die Verordening, mag die munisipaliteit enige persoon of klas van persone vrystel van enige of al hierdie vereistes en mag dit enige ander vereistes oplê wat dit as geskik beskou.

## 27. Vrywaring

Die Munisipaliteit en enige beampte, werknemer of agent van die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir die dood van, besering of diefstal van enige dier wat voortspruit uit of tydens die skut, beslaglegging, aanhouding of vernietiging ingevolge hierdie Verordening nie.

## 28. Teenstrydigheid met ander wetgewing

28.1 In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie Verordening en Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaard, beleid of riglyne, sal sodanige Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaard, beleid of riglyne voorrang geniet onderhewig aan artikels 151(3) en 156(4) van die Grondwet.

28.2 In die geval van enige teenstrydigheid tussen verskillende vertalings geld die Engelse teks.

## 29. Herroeping van Verordeninge

Die volgende verordeninge en die bepalings van enige verordening wat met die bepalings van hierdie Verordening in stryd is word hiermee herroep:

VERORDENINGE WAT HERROEP WORD	PROVINSIALE KENNISGEWING
Verordening insake die aanhou van honde	PK 6319 of 20 Desember 2005
Verordening insake die beheer van oorlaste	PK 7338 VAN 5 Desember 2014

## 30. Kort titel en aanvang

Die Verordening sal bekend staan as die Swellendam Verordening insake Openbare Oorlaste en die Oorlaste wat spruit uit die aanhou van diere en tree in werking op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

